Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

Visie: *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
Missie: *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 22 1ste Kwartaal 2021

MENSE IN JOU LEWE!

Wat ‘n voorreg om weer vir die Posduif te mag skryf. Baie dinge het gebeur sedert ek laas vir die Posduif geskryf het. Ek is gelegitimeer en was vir twee jaar predikant op Gariepdam en Springfontein. Ek het hierdie jaar by NG gemeente Thabazimbi begin en ervaar iets wat ek in Parys in 2018 ervaar het. Die mense se ondersteuning en gasvryheid laat my baie dink aan die mense van Parys-Wes. Mense wat omgee vir mekaar en daarop ingestel is om jou te laat welkom voel. Mense wat hulle verhouding met God sigbaar maak deur hulle verhoudings met ander mense.

Ek het so baie geleer by die mense van Parys in die kort tyd wat ek daar was. Ek is vas oortuig daarvan dat ek armer sou wees in my menswees as ek nie Parys toe gegaan het nie. Ek het veral baie in my geloofslewe geleer. Ek het geleer dat mens in jou geloof op verskillende maniere versterk word deur die mense rondom jou. Daarom is dit belangrik om jou te

omring met mense wat gelowiges is. In die verhoudings wat ons met mekaar het, gee ons uiting aan ons geloof in God en het ons ook ‘n wonderlike geleentheid om in ons geloof te groei. Ek het besef dat ek so baie oor die Here geleer het deur na ander se sienings oor Hom te luister. In tye soos hierdie, waar ons op nuwe maniere aan ons verhoudings met mekaar moet werk, dink ek hierdie les het gemaak dat ek moeite doen om verhoudings met mense in plek te hou. Ek dink elkeen van ons het ‘n geleentheid om ‘n ander kant van God te ontdek as ons bereid is om by mekaar te leer en ons kan slegs by mekaar leer as daar ‘n vorm van ‘n verhouding is.

Ek het nog kontak met ‘n hele paar mense van Parys. Dis vir my so lekker om te hoor dat dit onder die huidige omstandighede goed gaan in die gemeente. Die verhoudings wat ek in Parys met mense gebou het in 2018, maak dat ek baie verlang na Parys. Ek dink nog baie terug aan 2018 en al die ervarings wat ek in Parys gehad het. Ek dink die eerste van twee ervarings wat vir my die duidelikste uitstaan, is die kinderdiens wat ek en ds. Barry saam gehou het. Dit was vir my ‘n groot voorreg om saam met ds. Barry ‘n boodskap te kon bring. Die tweede moet natuurlik wees hoe ek my mentor (ds. Barry) so nagevolg het, dat ons albei se blindederms verwyder is. Dis iets waaroor ek steeds lekker lag as ek daaraan terugdink.

Ek wil vir Parys-Wes opreg baie dankie sê vir die geleentheid wat ek gehad het om in 2018 deel van julle gemeente te kon wees. Dit was regtig vir my ‘n jaar wat ek as mens baie gegroei het en baie geleer het. Mag die Here julle as gemeente seën sodat julle ook al meer tot seën vir ander kan wees.

Bernard van Wyk

Grafika: Die mense wat my lewe verryk (lynettebeer.co.za)

(Bernard is na Thabazimbi beroep en het daar diens aanvaar, maar as gevolg van die invloed wat Covid ook op hierdie stadium op eredienste het, is hy nog nie bevestig nie. Hy is egter daar as leraar en vol in die tuig. Dit wys maar net weer dat Covid alles affekteer en dat ons daarom versigtig moet bly.)

KERSLIEDERE ONDER DIE STERRE

Donderdagaand, 23 Desember was ‘n pragtige aand en ‘n klompie mense uit Parys het vanaf 17:30 by die kerkterrein opgedaag.

Eers is daar lekker saam met familie en vriende piekniek gehou en vanaf 18:30 is daar heerlik kersliedere onder die sterre gesing. Dit was weereens ‘n pragtige geleentheid, die weer het mooi saamgespeel en die sterre het later helder geskyn. Wat ‘n voorreg was dit om hierdie geleentheid steeds te kon inpas nadat so vele ander dinge gedurende 2020 in die slag gebly het.

Baie dankie aan Francois en Elizabeth wat die sang gelei het. Daar is groot waardering vir jul leiding by hierdie geleentheid en ook by die lofsangaande wat van tyd tot tyd gehou word.

KERSKOSPROJEK 2020

Nog ‘n jaar is verby en ons gemeente het nog ‘n suksesvolle Kerskosprojek agter die rug. Soos nog elke jaar sedert Parys-Wes in 2015 met die Kerskosprojek begin het om die gesinne wat maandeliks by die kerk ‘n kospakkie kry, so iets meer te gee vir die Kerstyd, was die 2020-projek weer eens ‘n groot sukses. Julle het weer mildelik bygedra en aan die einde van die dag is die mooi bedrag van R13 570.00 ingesamel. Om die rande verder te rek, is die produkte in die pakkies by verskillende winkels gekoop. Die pakkies is gepak en net voor Kersfees aan die gesinne uitgedeel nadat ds Barry ‘n kort boodskap gebring het.

Die waarde van die kospakkies van +- R400.00 is verder gerek met mieliemeel en elke gesin het ook 5 dosyn eiers met die komplimente van **Hy-line** ontvang. Ons het ook steeds ‘n ooreenkoms met **Tau Rollermeule** wat 50% van die mieliemeelprys vir die kospakkies borg.

Met die Covid-pandemie in ons midde, is die kospakkies sedert die eerste inperkings verlede jaar buite die NG Kerk Schonkenville aan die gesinne gegee. Ds Pierre Guillaume van Schonkenville-gemeente het ons ook meeste maande daarmee gehelp. Dankie vir die hulp, Pierre.

Die balans van die geld wat bygedra is, is gebruik om produkte aan te koop wat in 2021 in die kospakkies gebruik kan word. Met voortdurende prysstygings help dit om die pakkies steeds sinvol te maak.

Baie dankie aan elkeen wat bygedra het om 2020 se Kerskosprojek weer ‘n sukses te maak.

ONS SENIOR BURGERS - 80 JAAR EN OUER

Mag u 'n geseënde verjaardag en nuwe lewensjaar beleef. Tim 1:14: "Ons Here het my oorlaai met sy genade en met geloof en liefde wat ons deel is in Christus Jesus.

JANUARIE

07 – Una Erasmus (88): Bly nou in Sally Martin Park. Sy was lank in Pretoria by haar dogter en dit gaan nou weer beter met haar. Verlang daarna om weer kerkdienste by te woon.
09 – Tineke Botha (86): Dit gaan beter. Sy kan minder doen as 'n jaar gelede maar is doodtevrede en dankbaar en doen nog haar dinge.
24 – Tienie Stander (80): Hy het 'n hartomleiding gehad en dit gaan goed. Hy het nie klagtes nie.

FEBRUARIE

05 – Marie Lombard (85): Met haar gaan dit altyd goed**.**
17 – Coenie Pullen (88): Haar algemene gesondheid is goed, maar sy het 'n oogsiekte wat veroorsaak dat sy haar sig verloor. Sy kry behandeling wat die proses vertraag, maar dit kan dit nie genees nie.
19 – Hettie Wessels (89): Bene is pynlik, loop baie moeilik, maar verder gaan dit redelik goed met haar gesondheid.
29 – Hannah Visser (85): Osteoperose gee probleme maar verder gaan dit goed. Sy het geval en 'n sny bo haar oog opgedoen, maar dit is gelukkig weer reg.

MAART

06 – Kobus Cronje (86): Baie dankbaar dat dit hy nog redelik gesond is, "maar die ouderdom haal 'n mens maar in!"
08 – Coenraad De Jager (97): Hy was siekerig maar is weer gesond. Bly nog in sy eie huis, "maar dis alles net genade!"
11 – Piet Beukes (81): Dit gaan baie goed. Geen klagtes nie.
14 – Hannie van Eeden (84): Dankbaar dat dit goed gaan. Het in Maart na Goue Jare verhuis - van 'n groot huis na 'n kleiner plekkie!
23 – Pierre Boulogne (81): Dit gaan goed, bly besig met allerhande ysterwerk en ook werkies in en om die huis.
27 – Babsie Stone (84): Gaan goed, osteoperose gee probleme maar sy bly nog aan die gang.
30 – Willie Burger (84): Met sy gesondheid gaan dit goed. Hy bly besig en het baie om voor dankbaar te wees.

30 – Louis van Zyl (82): Dit gaan baie goed. Hy en sy vrou, Hettie, met wie hy al 56 jaar getroud is, doen nog self al die werk in en om die huis. Bly besig, dit is goed vir die gesondheid!

Gevoelens kom en gaan, maar God se liefde vir ons nie. - CS Lewis

NUWE INTREKKERS – EERSTE KWARTAAL 2021

Hartlik welkom aan die volgende lidmate wat die afgelope paar maande by Parys-Wes aangesluit het. Ons vertrou dat jul reeds welkom voel en wil jul graag uitnooi om aktief betrokke te raak by die verskillende aksies in die gemeente. Kontak gerus die kerkkantoor om meer inligting daaroor te kry.

Naam	Van	Adres	Vorige Gemeente	Wyk	Kontaknr
Cynthia	Bergh	Tuishuis	Upinton-Oos	Gradwell	0834478228
Johan & Retha	Blignaut	Le Rouxstraat 7	Messina	Le Roux	0833277735/ 0828972962
Richard & Bets	Caldwell	Sally Martin 503	Witbank	Sally Martin	0604220311
Fransie & Org	Denner	Delverstraat 75A	Fochville	Gradwell	0826644186
Danie	Nel	Villa Riviera F2	Parys-Oos	Villa Riviera	0829234213
Justus & Lehane	Rothman	Floydstraat 1	Parys-Oos	Floyd	0828520167

PARYS-WES in COVID-TYD

In die vorige Posduif is gekla dat ons nie ‘n nuwe foto van ds Barry en Ina het nie. Hulle het onlangs aangebied om ‘n tydjie af te knyp vir ‘n foto. Dit is egter Covid-tyd en jy moet hou by die reëls.

Dankie vir die foto.

KERKDIENSTE

Ons is almal dankbaar dat Kerke weer toegelaat word om dienste te hou alhoewel dit onder bepaalde voorwaardes is. Kerkdienste word by Parys-Wes in lyn met die Covid-regulasies gehou en gemeentelede moet vooraf bespreek, by aankoms word koors gemeet, persone word

ingeteken en koors aangeteken. En dan natuurlik die maskers en plasing in die kerk sodat sosiale distansiëring gehandhaaf word. Daar word gesing met die maskers op en daarom is dit nie hard en duidelik nie. Maar die belangrikste – ons kan daar wees.

Dieselfde reëls geld ook by die nagmaal maar soos gemeentelede inbeweeg neem elkeen sy geseëlde glasie wyn of druiwesap en ‘n broodjie in ‘n sakkie. Die res is dieselfde maar tog ook nie. Die bediening van die brood en die wyn in die banke is so deel van nagmaal en die atmosfeer daaromheen en nou is dit weg. maar, ons kry steeds die geleentheid om nagmaal te vier en hierdie anderster manier van dinge doen sal hopelik ook verbygaan. Wanneer dit sal wees, weet ons nie, maar ons kan maar net hoop, vertrou en glo die inentings bespoedig die einde van die pandemie. Kerkraadsvergaderings en Bybelstudie word vir die huidige in die kerk in plaas van in die konsistorie gehou omdat daar meer ruimte is om sosiale afstande te handhaaf. Sanitering en maskers is ook hier ‘n noodsaaklikheid. Die kategese het op Sondag, 14 Februarie 2021 begin en die klasse word buite onder die bome gehou. Dankie ook aan die kategete wat vanjaar die klasse sal hanteer.

Nadat die stukkie geskryf is, het president Ramaphosa aangepaste reëlings rondom die pandemie aangekondig en nou kan daar 100 mense in die kerk wees in plaas van die vorige 50. Ons vertrou dat dit gemeentelede sal inspireer om die getal weekliks vol te maak. Vooraf besprekings vir die bywoning van eredienste is nog nodig en die Covid-regulasies word steeds toegepas.

Uit Facebook: Senior kampeerders - *Ek hoop nie oom Cyril vat vanaand die maskers weg nie want dan moet ek weer begin tande dra.*

PARYS-WES HOU MINI-BASAAR – 5 MAART 2021

Soos hul in Engels sê, *“the show must go on”*. Dit is ook die geval by die kerk en daar is weer op 5 Maart ‘n Covid-georiënteerde mini-basaar gehou. Bestellings is vooraf geplaas, kos is in kleiner groepe voorberei en daarna het die mense hul bestellings kom afhaal. Amper soos ‘n *“drive through”.* Daar is kerrie-en-rys, gevulde vetkoeke en worsbroodjies gemaak, daar is koekies en lekkers gemaak en pannekoek gebak. Daar was ook ‘n klompie vleis wat mense kon kry nadat hul ‘n klein donasie gemaak het.

Was dit ‘n sukses? Dit het so gelyk en almal soek so ietsie anders in die Covid-tyd.

Dankie aan almal vir hul hulp en ondersteuning om die dag moontlik te maak.

2020 PARYS Kersmark by Parys-Wes

Die Parys Kersmark wat vorigr jare by Blikoortjies Kleuterskool gehou is, het vanaf 12 tot 23 Desember 2020 by die NG Kerk Parys-Wes plaasgevind.

Dit was ‘n groot geleentheid met baie stalletjies en besoekers van oraloor. Die teetuin is deur ons dames bestuur en van die jonger garde het as kelners opgetree. Daar is vroegoggend tafeltjies uitgepak, tafeldoeke oorgegooi en mooi gemaak. Laat middag moes alles weer opgeruim en skoongemaak word. Op die eerste dag van die mark het ‘n bui reën die teetuin ietwat ontwrig maar dit het ook verbygegaan. Heerlike eetgoed is voorgesit en die teetuin is goed ondersteun. Die dames (en paar mans) se harde werk is beloon met ‘n goeie inkomste van R14 373.48. Ons dank aan ons Vader wat hierdie geleentheid oor ons pad gebring het!! Die organiseerders het besluit om DV die mark weer in Desember 2021 op ons terrein aan te bied. Ons sien uit daarna!! Hopelik sal die Sjinese Covid-19 virus dan meer onder beheer wees!

Baie dankie aan almal wat betrokke was en wat die mark en die teetuin ondersteun het. *Dries de Jager (Foto’s – Dries)*



WêRELDBIDDAG VIR VROUE – Vrydag, 5 Maart 2021

Die 91ste Wêreldbiddag vir Vroue het op 5 Maart 2021 by die Moedergemeente plaasgevind. Die vroue van Vanuatu, ‘n groep eilandjies oos van Australië, het op die tema vir 2021 besluit, naamlik: *“n Lewe gebou op ‘n vaste rots”*. Die Skriflesing was uit Matt 7 : 24 – 27 waar dit gaan oor die keuse waar ‘n mens jou huis bou – op ‘n rots sodat dit die storms kan weerstaan of op die sand waar die wind en water dit kan verwoes.

Suna Meyer het die boodskap gebring en sy het beklemtoon dat die keuse wat ons maak om ons lewenshuis op ‘n rots of op sand te bou ‘n uitkoms het en dat ons

daarom die regte keuse moet maak. Daar kom storms in ons almal se lewens, maar as Jesus my anker en fokus bly, dan maak die storms nie saak nie want Hy is ook in die storm by sy kinders en lei hulle daardeur.

Daar is voorbidding gedoen vir Vanuata en res van die wêreld wat saam met ons land gebuk gaan onder die pandemie, natuurrampe en geweld. Ander sake waarvoor gebid is het ons plaaslike behoeftes aangespreek, soos die voorkoming van misdaad in al sy vorms, bejaardes en hulle behoeftes, die jeug en versoening. Laaste, maar beslis nie die minste is daar ernsig vir die regering van ons land ingetree, dat hulle met integriteit sal optree en aanspreeklikheid vir hulle besluite sal aanvaar.

Die Wêreldbiddag vir 2021 in met die sing van die Onse Vader afgesluit.

Elize Bekker

Grafika: *Women's World Day of Prayer - 2021 Prayer Information (wwdp.co.za) The Painting (Artist Juliette Pita) The painting entitled "Cyclone Pam II: 13th of March, 2015" shows a mother bending and praying over her child. The waves crash over her but a palm tree bends protectively over them.*

DIENSGROEP GETUIENIS EN MPONENG PRIMARY SCHOOL

As gevolg van inperkingsmaatreëls is daar nie aan die einde van 2020 'n afsluitingsfunksie by Mponeng-skool gehou nie. In plaas daarvan is kospakkies en opvoedkundige pamflette wat deur Lotsha Ministries verskaf is, aan die kinders uitgedeel.

Die Diensgroep gee ook jaarliks 'n Bybel aan die skolier in graad 7 wat die beste presteer het in daardie jaar. In 2020 het die toekenning gegaan aan Thandie Scholz.

Dit gaan, onder omstandighede, goed by die skool en ons wens René Jordaan en haar span alles van die beste toe vir 2021.

GEBEDSVERSOEKE

Indien jy 'n gebedsversoek het of iemand op ons lys wil plaas of indien jy deel wil word van ons Gebedsbedienings groep kan jy vir Marina Stander by 082 371 4700 kontak of 'n WhatsApp stuur.

KONTAKBESONDERHEDE

Kontak asseblief die kerkkantoor by 056 811 5316 of stuur 'n e-pos aan ngparyswes@gmail.com indien enige van jou kontakbesonderhede verander het.

Kommentaar of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan hansieb@lantic.net. Jul is ook welkom om Hansie of Elize Bekker te skakel by 056 811 4754 of 082 820 4306.